
'N AFRIKAANSE BYBELSTYL.

Dit is vanselfsprekend dat ek in die beperkte tyd tot my beskikking nie by benadering so 'n omvangryke onderwerp as die skoonheid van die Bybel kan behandel nie. Daarom weerhou ek my daarvan om in te gaan op die skoonheid van onderdele soos bv. die roemtaal van Lameg (die

View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk

brought to you by  CORE
provided by Koers (E-Journal)

Josef, seën; die kragtige woorde waarmee Moses die volk voor sy dood toespreek; die glansende skildering van Oosterse weelde in Ester 1; die skoonheid van die boek Job e.a. Ek gaan ook nie in op die skone vertolking van die verskillende stemminge wat aan die Psalms ten grondslag lê nie: van die donker stem van die boeteling (51) tot die helder jubeltone van Ps. 114 of die ademlose verstomming voor die majesteit van God (8).

Ek wil my beperk tot die bespreking van die skepping en ontwikkeling van 'n Afrikaanse Bybelstyl—'n klein maar allerbelangrikste onderdeel van die hele onderwerp, inderdaad die grondslag waarop die skoonheid

deur dr. H. VENTER.

*(Voorgedra tydens die Bybelaand op Potchefstroom,
29 September, 1953).*

van die Bybel berus vir sover dit die taal betref. Maar ook ten opsigte hiervan moet ek volstaan met enkele riglyne en voorbeelde. Dit is so belangrik om verskillende redes:

Op die Bybelvertalers het die moeilike taak gerus om in Afrikaans 'n nuwe tradisie te skep, in Afrikaans nog moeiliker omdat die Statevertaling 'n bekende en gewaardeerde besit was. Dit was bowendien moeilik

omdat Afrikaans as kunstaal teen daardie jare nog maar 'n paar in die twintig jaar lange ontwikkeling gehad het. Verder was dit ook 'n hoogs verantwoordelike taak, allereers omdat die aanvaarbaarheid van die Afrikaanse Bybel in 'n groot mate sou afhang van die mate waarin die vertalers daarin sou slaag om 'n doelmatige Bybelstyl te vind, en verder omdat die taal wat in die Bybel gebruik word, 'n norm word waarop die gebruikers van die taal hulle beroep: „Dit staan dan in die Bybel!”

Van die belangrikste vereistes wat ons aan 'n Afrikaanse Bybelstyl stel, is die volgende:

a. Dit moet suiwer Afrikaans wees—alreeds 'n ontsaglike eis, weer vanweë die bekendheid van die Afrikaner met die Statevertaling.

b. Dit moet eenvoudig wees: 'n Afrikaanse vertaling is bedoel vir ALLE Afrikaans-begrypende lesers—ek bedoel die eenvoud van die skeppingsverhaal of van 'n Ps. 23.

c. Dit moet verhewe wees, hoër staan as die gewone spreektaal; dit mag nie plat wees nie, soos S. J. du Toit die woord „knopkiri” in sy vertaling van Ps. 23 gebruik het.

d. Dit moet die koloriet bewaar, as 't ware die „oudheid” en „Oostersheid” van die Bybel behou, dit nie verwesters nie, soos die N.N.V. in bv. Ps. 40: 7 doen: „Gij hebt mij geopende oren gegeven”, waarteenoor in Afrikaans staan: „Ore het U vir my gegrawe”. Om die oorspronklike beeld in 'n ander, en daarby veel moderner, taal te behou, is beslis nie maklik nie.

Wie nou die Afrikaanse Bybel in sy finaal gedrukte vorm lees en die taal waarin Gods Woord weergegee word, min of meer moeiteloos verstaan, bedink daarby selde watter ontsaglike inspanning daarin saamgetrek is. Want as die vertaalwerk verby is, is nog maar ongeveer die helfte van die vertaling klaar. Dis nie genoeg dat die Hebreuse of Griekse of Aramese woorde deur gelykwaardige Afrikaanse woorde vervang word nie; dit moet dan nog GESTILEER word, in 'n Afrikaanse styl omgeskep word. Met ander woorde vertaling moet eintlik herbelewing van die oorspronklike en herskepping in 'n nuwe taal wees, of dit nou al van die historiese dan wel die liriese gedeeltes van die Bybel, met al die verskillende stemminge is.

Laat ek probeer verduidelik met Gen. 1: 2. Prof. J. H. Kroeze was so vriendelik om dit op my versoek letterlik uit die oorspronklike te vertaal. Dit lui so: „Die aarde was woestheid en leegheid en duisternis bokant

(oor, op?) die watervloed, en die Gees van God swewende bokant (oor, op?) die water". Dis alles Afrikaanse woorde, maar u sal dadelik voel dat ons dit in Afrikaans nie so sal sê nie. Hiervan het ons vertalers gemaak soos dit in ons Afrikaanse Bybel staan: „Die aarde was woest en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters", Dit het 'n sin geword wat voldoen aan al die bogestelde vereistes van 'n Afrikaanse Bybelstyl. Veral twee mooi vondste kom hierin voor: „wêreldvloed" (in teenstelling met „afgrond" van die S.V. en „vloed" van die N.N.V.), waarin die suggestie van grootheid, ongemetenheid lê; en die posisie van „gesweef". In normale Afrikaanse sinsbou moet dit wees „die Gees van God het op die waters gesweef", maar dit bederf die ritme van die sin en ontnem aan „gesweef" sy glans. Deur die vervroeging van hierdie woord word dit in 'n beklemtoonde posisie gestel en word altwee die gebreke ondervang.

Wie die Afrikaanse Bybel in sy finaal gedrukte vorm lees, bedink daarby selde watter ontsaglike inspanning daarin saamgetrek is.—Vertaling moet herbelewing van die oorspronklike en herskepping in 'n nuwe taal wees.

Hierbo is by herhaling gewag gemaak van die bekendheid van die Statevertaling by die Afrikaanse volk. Dit het dié belangrike beperking meegebring dat dit die Afrikaanse vertaling in min of meer vasgestelde bane gelei het. Dit was vir ons vertalers onmoontlik ('n les wat hulle geleer het van die vertaling van die Eerste Beweging!) om sonder gevaar soos S. J. du Toit te vertaal, bv. in Gen. 1: 3-5: „En God sê: „Daar sal lig worde!' En daar word lig.—En God sien di lig, dis goed. En God maak skeiding tussen di lig en tussen di duisternis.—En God roep tot di lig: „Dag!" en tot di duisternis roep HY: „Nag!' En dit word aand, en dit word oggend, eerste dag". Ek vermoed dat hierdie vertaling letterlik is soos dit in die Hebreeus staan, en ek moet erken dat dit 'n bekoring het: daar sit 'n suggestie in van krag, die krag van 'n magswoord wat in die chaos gespreek word. Maar so'n styl kon ons vertalers nie aanwend nie: daarvoor was die styl van die Statevertaling te bekend en te algemeen aanvaar as die „korrekte" Bybelstyl. Dit was o.a. sodanige vertalings wat gemaak het dat S. J. du Toit se vertaling nie aanvaar is nie. Daarom het ek hierbo gepraat van die verantwoordelikheid wat op die vertalers gerus het om 'n doelmatige styl te vind. Daarom sou ek wil beweer dat die skepping van 'n

Afrikaanse Bybelstyl vir ons vertalers 'n moeiliker taak was as vir bv. Luther: die Afrikaanse leser het 'n norm gehad, 'n vergelykingsbasis.

Dat die Statevertaling aanvaarde besit was, het daarom ook die taak van ons vertalers vergemaklik: hulle kon by gebrek aan 'n geskikte Afrikaanse uitdrukking van die bekendes uit die S.V. gebruik maak, soos Gen. 1: 1 onmiddellik sy beslissing geverg het met „geskape” en soos bv. in Ps. 121: 6 die minder gewone Afrikaans: „Die son sal jou by dag nie steek nie, nóg die maan by nag”. Dit het ook aanleiding gegee tot die gebruik van nog onafrikaanser konstruksies, soos in Num. 13: 23: „(Hulle het) daar 'n rank met 'n tros druiwe afgesny en dit **met hulle twee** aan 'n draagstok gedra”, of die vir die Afrikaner weinigseggende „U het my voete in die ruimte laat staan” (Ps. 31: 9).

Aan die ander kant is ook willens en wetens weggebeur van die Nederlands, waardeur soms die verhewenheid van die styl geskaad is (bv. die oordrewe—in die spreektaal egter gebruikelike en eg-Afrikaanse—gebruik van vir), of waardeur die taal verarm is (bv. die gebruik van **klaargemaak**: die volk het hom klaargemaak; 'n offer is klaargemaak; Abigail het klaargemaakte skape aan Dawid gebring; Ahasveros het 'n maaltyd klaargemaak—in Ester 1 kom dié woord 3 maal voor). Tog het dit ook gedwing tot selfskepping, die vorming van eie woorde waar die Nederlandse nie bevredig het nie, waaruit woorde soos **kaalvreter** (sprinkaan) en uitdrukkinge soos „'n gejaag na wind” en „teen sonop” ontstaan het.

* * * *

Waar nou met die vertaling van 1933 na twee kante gewaak moes word vanweë die bekendheid van die Statevertaling en dikwels ook onder druk gewerk moes word, kon die vertalers met die hersiening selfstandiger en vryer opgetree het, en daar kon bowendien rustiger te werk gegaan word en die taal deegliker oorweeg word. Afrikaans as kunstaal het intussen ook baie gevorder, en Afr. as Bybeltaal was reeds gevestig en aanvaar—ook omdat in die vertaling van 1933 soveel moeite gedoen is.

Daar is nou veral gestreef na verhewener taal, suiwerder Afrikaans, normaler sinsbou, groter ritmiese verskeidenheid en meer variante (afwisseling in woordkeuse). Maar daar kon, op die grondslae wat in 1933 gelê is, voortgebou word. 'n Enkele woord bring dikwels 'n groot verbetering in 'n sin, soos bv. die vervanging van **roer** deur **beweeg** in Gen. 1: 20 („en al die lewende wesens wat beweeg/roer”). **Klaargemaak** kry 'n hele aantal variante: **gereedmaak** (van die volk), berei ('n offer), toebe-

reide skape, 'n maaltyd berei of aanrig. Nederlandse wendinge is verwyder, bv. **al sidderende—met siddering; dit met hulle twee—twee het dit**; die bg. vers uit Ps. 121 word: „Die son sal jou bedags nie steek nie, die maan ook nie by nag nie” (snags). Aan die ander kant is ook geleer uit die Nederlandse vertaling: daar word onderskei tussen **lewendig** maak (liggaamlik) en **lewend** maak (geestelik); ook tussen **bene, beendere** en **gebeente**. Maar een van die mooiste „verafrikaansings” bly vir my dié bg. Ps. 31: 9, waar 'n aan die Afrikaner baie bekende begrip gestel is in die plek van **in die ruimte**, nl. „U het my voete op vry grond laat staan”.

Ek meen dat ons vertalers hulle uitmuntend van hulle taak gekwyf het, en dat die hersiene uitgawe van die Bybel allerweë byval sal vind. Maar hulle kon dit alleen doen uit genade en die krag wat hulle van God die Here ontvang het, en omdat hulle hul op so'n suiwere standpunt gestel het. Prof. dr. J. D. du Toit het dit in **Die Kerkblad** van 16 Augustus 1933 só gestel: „Sion is skoon, omdat God leef in 'n ligglans. Die Bybel is skoon, want dit is die Woord van dié God wat in heerlikheid woon”.
